neiging toon, het die aandeel van „ander inkomme“ oor die afgelope drie jaar groot skommelings in landbou, 'n afwaartse neiging in private fabriekswese en tot in 'n mindere mate ook in handel en openbare vervoer, en 'n onbestendige verloop in die mynwese vertoon. Hierdie ontwikkeling is van praktiese belang aangesien dit die vermoë van die betrokke bedryfstakke om fondse uit lopende inkomme vir herbelegging te voorsien, beïnvloed. Sekere verduidelikende syfers kan in die onderstaande tabel aangehaal word.

Jaar-tot-jaar Veranderings in Inkommeverdeling

	1953/54		1954/55		1955/56	
	na		na		na	
	1954/55	1955/56	1955/56	1956/57	£m	£m
Landbou:	Salarisse en lone	—	+ 7	—	—	+ 3
	Ander inkomme	—	-23	+12	+19	+19
Private Fabriekswese:						
	Salarisse en lone	—	+15	+19	+23	+23
	Ander inkomme	—	+16	+4	+2	+2
Handel:	Salarisse en lone	—	+ 6	+16	+ 9	+ 9
	Ander inkomme	—	+10	—	+ 6	+ 6
Mynwese:						
(1) Goud—Salarisse en lone	—	+ 6	+ 5	+ 2	+ 2	+ 2
	Ander inkomme	—	+12	+19	+15	+15
(2) Ander—Salarisse en lone	—	+ 2	+ 2	+ 2	+ 2	+ 2
	Ander inkomme	—	+ 4	+10	+ 3	+ 3
S.A. Spoorweë:						
	Salarisse en lone	—	+ 2	+ 8	+ 9	+ 9
	Ander inkomme	—	+15	- 7	- 1	- 1

Gedurende 1956/57 het die inkomme van landbou met £22 miljoen toegeneem waarvan £3 miljoen aan plaasarbeiders toegekom het en £19 miljoen aan plaaseienaars. Die teenoorgestelde geld in 1954/55, toe plaaslonne met £7 miljoen *toegeneem* het terwyl „ander inkomme“ met nie minder as £23 miljoen *afgeneem* het nie. In die geval van private fabriekswese beloop die toenames van netto inkomme oor die afgelope drie jaar £31 miljoen, £23 miljoen en £25 miljoen onderskeidelik, waarvan £15 miljoen, £19

1. Vir tegniese redes wat met die metode van berekening van die gegewens in verband gestaan het, het die nasionale rekening- en die betalingsbalansstatistik wat in vorige uitgawes van hierdie *Kwartaalblad* gepubliseer is, nie na dieselfde geografiese gebied verwys nie. Terwyl eersgenoemde tot die inkomme en uitgawe van die Unie beperk was, he: laasgenoemde nie net op die buitelandse transaksies van die Unie betrekking gehad nie, maar ook op dié van Suidwes-Afrika en die drie Britse Protektorate. As gevolg van hierdie verskil t.a.v. geografiese gebied, moes 'n aansuiwing t.o.v. die balans in lopende rekening in die betalingsbalansabel aangebring word voordat dit aan die uitgawekant van die nasionale rekeningetabel ingesluit kon word.

Sedert verlede jaar het die Unie se Departement van Doeane en Aksyns die insameling van statistiek i.v.m. die handel tussen die Unie en Suidwes-Afrika gestaak,

sodat die bovermelde aansuiwing nie meer moonlik is nie. Vir rekenkundige doeleindes is dit egter noodsaaklik dat die inkomme- en uitgawekante van die nasionale rekening op dieselfde geografiese gebied betrekking het. Dit het dus nodig geword om die inkommetotaal uit te brei om die volksinkome van Suidwes-Afrika en die Protektorate in te sluit.

Die nasionale rekeningesyfers vir 1956 en 1957 wat in tabel XXXV voorkom, verwys dus na hierdie groter gebied. Hersiene syfers vir vorige jare sal in 'n toekomstige uitgawe van hierdie *Kwartaalblad* verskyn.

2. Die syfers vir 1957 is voorlopig. Aangesien meer onlangse inligtingsbronne tans beskikbaar is in die geval van sommige van die reekse in die tabel, is die gegewens, in gevalle waar dit nodig geblyk het, vir vorige jare hersien.

3. Hierna die Buro genoem.

miljoen en £23 miljoen byvoegings tot arbeidsinkome was, terwyl die aandeel van „ander inkome” afgeneem het van £16 miljoen na £4 miljoen en eindelik na £2 miljoen. Handel toon ook 'n ongunstige verloop vir sover dit „ander inkome” aangaan. In teenstelling hiermee het die salaris en lone van die mynwese verlede jaar met £4 miljoen toegeneem, teenoor 'n toename van £18 miljoen in „ander inkome”.

Die gegewens in die tabel dien as 'n voorbeeld van die verskynsel dat oor die korttermyn die gevolge van veranderings in die ontvangste uit verkoop veral deur die ontvangers van „ander inkome” gevoel sal word, aangesien hulle verdienste tot 'n mate 'n respos is nadat die eise van salaris- en loontrekkers bevredig is. Maar soos vroeër reeds aangetoon is, het 'n afname in die winsmarges 'n nadelige uitwerking op interne finansieringsbronne, wat dus aanleiding gee tot groter afhanklikheid van eksterne fondse vir die finansiering van kapitaal- en ander uitgawe.

Die Buro se berekenings illustreer ook die mate waartoe die koopkrag van die Unie se arbeidsmag van die teenswoordige indiensnemingstoestand, en die vooruitsig vir verdere uitbreiding in die private fabriekswese afhang. Met 'n loonsom van £291 miljoen vir 1956/57, is laasgenoemde bedryfstak verantwoordelik vir 27 persent van die totale lone en salaris betaal in die Unie. Van die orige bedryfstakte wat in die Buro se tabel opgeneem is, het „Openbare Owerhede"⁴ die tweede grootste loon- en salaristotaal, t.w. £165 miljoen. „Handel (Distribusie)” is derde met £144 miljoen, terwyl mynwese (goud en ander) en die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en Lugdiens die vierde en vyfde plekke vul met £113 miljoen en £112 miljoen onderskeidelik.

Amptelike inkomegegewens vir die tweede helfte van 1957 is nog nie beskikbaar nie, maar dit word beraam dat, nienteenstaande moeiliker buitelandse handelstoestande wat deur die landbou ondervind is, hierdie terugslag teengegaan is deur 'n uitbreiding in opbrengs, gewaardeer teen heersende prys, van ander sektore van die volkshuishouding, en dat die Unie se geografiese inkome dus 'n verdere stygging gedurende die kalenderjaar 1957 ondervind het, hoewel die koers van die stygging ietwat laer was.

Die netto geografiese inkomesyfers van Suidwes-Afrika en die Protektorate⁵ wat, soos hierbo aangedui, in die nasionale rekeningetabel ingesluit is, word hieronder uiteengesit.

4. In ooreenstemming met die Buro se klassifikasie, word sake-ondernehmens van die regering nie onder hierdie hoof ingesluit nie.
5. By die berekening van die geografiese inkome van Suidwes-Afrika en Betsjoeanaland, kon die Bank se Departement van Ekonomiese Navorsing en Statistiek gebruik

Geografiese Inkome, 1956 en 1957

Jaar	Suidwes-	Basoetoland,
	Afrika	Swaziland en Betsjoeanaland
1956	£m	£m
1957	56	19
	52	20

Die afname van die geografiese inkome van Suidwes-Afrika gedurende 1957 is o.a. te wye aan die feit dat die ontvangste uit die verkoop van twee van sy belangrikste uitvoerprodukte, t.w. diamante en loodkonsentrete, ietwat minder as in die vorige jaar was.

Die bestanddele van volksuitgawe

Die veranderings in die hoofbestanddele van die bruto volksuitgawe van die Unie, insluitende Suidwes-Afrika en die Protektorate, word deur die gegewens in die onderstaande tabel toegelig.

	Bruto Volksuitgawe	
	1956 £m	1957 £m
1. Persoonlike verbruiksbesteding	1,370	1,470
2. Owerheidsbesteding aan goedere en dienste	235	250
3. Bruto binnelandse kapitaalvorming	502	531
4. Bruto binnelandse besteding	2,107	2,251
5. Balans in lopende rekening	4	-13
6. Bruto volksbesteding (=bruto volksproduksie)	2,111	2,238

Hieruit wil dit voorkom asof die grootste gedeelte van die toename van die bruto volksproduksie gedurende 1957 vir die aankoop van meer verbruiksgoedere aangewend is. 'n Groot gedeelte van laasgenoemde verteenwoordig waarskynlik 'n toename in uitgawe op duursame verbruiksgoedere soos private motorvoertuie en huishoudelike uitrusting, wat as gevolg van die verslapping van invoerbeheer makliker bekomaar was.

Alhoewel die sigbare uitvoere (insluitende die netto goudproduksie) verlede jaar met £51 miljoen toegeneem het, is dit teengegaan deur 'n toename van goedereinvoere ten bedrae van £58 miljoen. Die lopende tekort in die betalingsbalans het £13 miljoen in 1957 beloop, terwyl die afname van goud en buitelandse valutareserves £31 miljoen bedra het.

Hierdie ontwikkelings in die Unie se ekonomiese stelselwerp lig op die noue verband tussen die

maak van twee ondersoeke waarvan die resultate goedgunstig deur die skrywers beskikbaar gestel is. Die studie van Suidwes-Afrika is deur mnr. D. C. Krogh onderneem, en dié van Betsjoeanaland deur mnr. D. Erasmus.

bestedingsbesluite van individuele huishoudings, private sake-ondernehemings en owerheidsliggame, ener syds, en die binnelandse en buitelandse geldelike toestand, andersyds. Gedurende 1957 was daar twee monetêre faktore wat 'n aansienlike invloed op die toename in totale geldelike besteding van die binnelandse sektore uitgeoefen het. Eerstens is die verhoging in geldomset moontlik gemaak deur die „aktivering“ van geld, d.w.s. 'n toename in die omloopsnelheid van die geldhoeveelheid. So, bv., het die omloopsnelheid van onmiddellik opeisbare deposito's op 'n jaarbasis toegeneem van 10.6 in 1956, tot 11.5 in 1957, d.w.s. met 8.5 persent. Tweedens is die bestedingsomvang verhoog deur die gebruik van nuwe fondse verleen deur die bankstelsel.

Gedurende verlede jaar het die skepping van bankkrediet ten bedrae van £54 miljoen plaaslike produsente en invoerders in staat gestel om die vloei van goedere bestem vir finale verbruik te verhoog. Die bykomstige kredietfasilitete was veral van belang in die geval van duursame verbruiksgoedere, aangesien aankope van dergelike goedere nie gewoonlik op 'n kontantbasis geskied nie. Die verslapping van sekere beperkings op huurkoopkontrakte het ook 'n invloed gehad op die omvang van verbruiksbesteding in die tweede helfte van verlede jaar.

In 'n ope ekonomiese stelsel, soos dié van die Unie, het 'n verhoging van binnelandse besteding en die wyse waarop dit gefinansier word 'n invloed op die betalingsbalanspositie, aangesien 'n aansienlike deel van 'n hoér bestedingsomvang bykomstige aankope van ingevoerde goedere verteenwoordig. Behalwe die uitwerking van binnelandse faktore op die Unie se betalingsbalanstoestand, het *eksterne* invloede ook gedurende 1957 'n ongunstige invloed op die peil van die goud- en buitelandse valutareserves gehad. Sedert die begin van hierdie jaar is verskeie beperkende maatreëls, gemik op inkorting van kredietfasilitete, egter ingestel, en gevvolglik is daar tans minder geleenthed vir die finansiering van verhoogde binnelandse besteding deur middel van geleende fondse.

Bruto kapitaalvorming gedurende 1957

Die Unie⁶ se bruto kapitaalvorming-statistiek in tabel XXXIV C is ingedeel volgens drie hooftipes van organisasie, nl. (1) „Openbare Owerhede“, d.w.s. (i) die algemene of nie-besigheidsafdelings van die Sentrale, Provinciale en Plaaslike Owerhede, en (ii) ander sake-ondernehemings van die owerhede soos die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en Lugdiens en die handelsdepartemente van die Plaaslike Owerhede; (2) „Openbare Korporasies“, d.w.s., Eskom,

Yskor, Sasol en ander semi-offisiële sake-ondernehemings, en (3) „Private Sake-ondernehemings“.

Die voorlopige syfers toon dat die *Openbare Owerhede* verantwoordelik was vir die grootste gedeelte van die toename in die omvang van verlede jaar se beleggingsbedrywighede. Terwyl dit wil voorkom asof die kapitaaluitgawe van Openbare Korporasies en Private Sake-ondernehemings gedurende die afgelope jare op 'n laer peil verkeer nadat na-oorlogse hoogtepunte gedurende 1953 en 1955 onderskeidelik behaal is, handhaaf die kapitaalbesteding van die Openbare Owerhede 'n sterk opwaartse neiging. Die steeds toenemende omvang van die uitgawes van die Openbare Owerhede het aanleiding gegee tot 'n toename in hul aandeel in die Unie se totale kapitaaluitgawe; in 1957 was hul aandeel een-derde, vergeleke met een-kwart in 1955 en een-vyfde in 1946.

Gedurende die afgelope twee jaar was die kapitaaluitgawe van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en Lugdiens verantwoordelik vir die grootste gedeelte van die toename in openbare kapitaaluitgawe. Op 'n kalenderjaarbasis het sy kapitaaluitgawe toegeneem van £42 miljoen in 1955, tot £60 miljoen in 1956 en £76 miljoen in 1957. Laasgenoemde syfer is gelykstaande aan amper die helfte van die kapitaaluitgawe van openbare owerhede, en dit dui ook aan dat die Administrasie tans die grootste kapitaalbesteder in die volkshuishouding as geheel is.

In sy begrotingstoespraak wat op 7 Maart 1957 gelewer is, het die minister van vervoer gesê dat die Administrasie se Bruinboek vir 1957/58 voorseeing maak vir kapitaalwerke teen 'n beraamde koste van nie minder as £412,500,000 nie. Daar is verwag dat omtrent £153,250,000 van hierdie bedrag teen die einde van die 1956/57-finansiële jaar bestee sou wees, terwyl £72 miljoen van die saldo bestem was vir besteding gedurende 1957/58. Hierdie kapitaalprogram het bestaan uit verbeterings aan en elektrifisering van spoorlyne, nuwe verkeerskontrolesels, bykomende elektriese en dieselaangedrewe rollende materiaal, die voorseeing van vervoergeriewe aan bestaande en nuwe naturellewoonbuurtes en uitbreidings van die hawens.

Behalwe die bykomende £76 miljoen vir die financiering van hierdie groot en duur uitbreidings van die land se verkeersnetwerk, moes die 1957-kapitaalbegroting van die openbare owerhede ook voorseeing maak vir toenames in „maatskaplike belegging“, d.w.s. uitgawe vir gesamentlike behoeftes soos skole, hospitale, paaie en strate, asook vir uitbreiding van ander dienste wat deur sake-ondernehemings van die openbare owerhede, behalwe die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en Lugdiens, voorseen word.

6. d.w.s. met uitsluiting van Suidwes-Afrika en die Protektorate.

As gevolg van die bovermelde ontwikkelings het die kapitaaluitgawe van die openbare owerhede verlede jaar die na-oorlogse rekordbedrag van £173 miljoen beloop.

Gedurende 1957 was die kapitaaluitgawe van *Openbare Korporasies* omtrent dieselfde as die vorige jaar. 'n Ontleding van die beleggingsbedrywigheid van individuele korporasies toon dat die kapitaaluitgawe van Sasol tans relatief onbelangrik geword het nadat dit 'n hoogtepunt in 1953 bereik het. In die geval van Eskom is die hoogste totaal in 1954 bereik, waarna 'n dalende tendens ingetree het. Die beleggingspatroon van Yskor is vergelykenderwys meer onbestendig. Gedurende die drie-jaar tydperk 1949-51 was sy kapitaaluitgawe op 'n hoë peil, waarna dit skerp gedaal het tot 1956 toe uitbreidings aan die bestaande staalwerke hervat is, en sodoende is die koers van kapitaaluitgawe verhoog na min of meer dieselfde peil as in die 1949-51-periode.

In sy jongste jaarverslag oor die sake van die Korporasie vir die jaar geëindig 30 Junie 1957, het die voorsitter van Yskor aangekondig dat die voorgestelde uitbreidings die produksievermoë met 900,000 gietblokton per jaar tot 2,350,000 gietblokton per jaar sal verhoog. Die beraamde koste van die projek, teen 1957 prys, was ongeveer £56 miljoen. Die voorsitter het ook verklaar dat 'n derde standplaas vir 'n verdere staalfabriek ondersoek word.

Wat *Private Sake-ondernehemings* betref, wil dit voorkom asof vaste kapitaalvorming, d.w.s. die aanskaf van installasie en duursame kapitaaluitrusting, die afwaartse neiging wat twee jaar gelede begin het, voortgesit het. Belegging in handelsvoorrade het egter verlede jaar 'n aansienlike styging getoon, hoofsaaklik as gevolg van die toename in invoere wat met die verslapping van invoerbeheer saamhang het, sodat die totale private kapitaalvorming na skatting effens toegeneem het.

Die onlangse afwaartse neiging in private kapitaalvorming is merkbaar in die meeste van die reeks wat onder *Private Sake-ondernehemings* ingesluit word. In sommige gevalle is die hoogste na-oorlogse waardes alreeds etlike jare gelede bereik. So byvoorbeeld, het uitgawes aan woongeboue sy hoogste totaal, nl. £64 miljoen, in 1955 bereik, terwyl die daaropvolgende peil ongeveer £10 miljoen laer is. Boerderybelegging⁷ het ook skynbaar reeds sy hoogtepunt bereik terwyl mynwese die hoogste punt op sy na-oorlogse beleggingskurwe, nl. £62 miljoen, gedurende die drie-jaar tydperk 1952-54 bereik het;

die huidige kapitaaluitgawe is egter teen 'n koers van minder as £50 miljoen per jaar.

Gedurende die tydperk 1951-56 het uraanontginning 'n aansienlike uitwerking op die kapitaalbestettingsomvang van die mynwese gehad. Byna £60 miljoen is gedurende hierdie ses-jaar tydperk aan die oprigting van uraaninstallasies gewy, maar sedert 1956 is baie min bykomende uitgawes vir hierdie doel aangegaan.

Resente syfers t.o.v. die kapitaaluitgawe van private fabriekswese⁸ is nie beskikbaar nie, maar geoordeel volgens die verloop van syfers aangaande beleggingsbedrywigheid verkry uit 'n steekproef van openbare maatskappye in die vervaardigingsproduksietak, skyn dit asof totale kapitaalbesteding verlede jaar op 'n ietwat laer peil was.

Omvattende inligting is ook nie beskikbaar nie in die geval van besighede wat in die tabel saamgegroeppeer is onder die hoof „Handel, private vervoer en ander“, maar dit wil voorkom asof twee faktore in 1957 vir die hoër beleggingsomvang van hierdie groep ondernemings verantwoordelik was.

Erstens toon statistiek t.o.v. die oprigting van nie-woongeboue 'n toename van ongeveer £3 miljoen gedurende verlede jaar. In hierdie verband kan daarop gewys word dat dit 'n kenmerk van die onlangse ontwikkeling in die eiendomsmark is dat daar heelwat nuwe, en in sommige gevalle, baie duur kantoor- en handelsgeboue in die belangrikste stedelike gebiede van die Unie deur finansiële instellings, eiendomsbesittende en handelsondernemings opgerig word. Belegging in vaste bates het ook toegeneem as gevolg van bykomende uitgawes op meubels en toebehore, gemeganiseerde kantooruitrusting en die aankoop van voertuie vir handelsgebruik. So, byvoorbeeld, toon die aantal handelsvoertuie wat gedurende 1957 geregistreer is 'n aansienlike toename bo die van die vorige jaar.

Die tweede faktor is dat belegging in groothandelen kleinhandelsvoorrade na skatting aansienlik gestyg het, 'n ontwikkeling wat soos hierbo aangedui is, met die verslapping in invoerbeheer saamhang.

By die beoordeling van die neigings van die Unie se kapitaalvorming moet in gedagte gehou word dat daar verskeie faktore was wat 'n invloed op die oorspronklike versnelling en die daaropvolgende verslapping in die koers van kapitaalvorming gehad het. Vir die doel van hierdie opsomming word aandag egter alleen gewy aan een aspek van die na-oorlogse neiging van kapitaalbesteding, nl. die

7. Die berekening van die bruto kapitaalvormingsyfers van die boerderybedryf word deur die Afdeling Ekonomiese en Marke van die Departement van Landbou onderneem. Daar sal opgemerk word dat in die reeks wat in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* gepubliseer word, die syfers vir die onlangse jare gewysig is. Hierdie hersiening is gegrond op die gegevens van die 1954/55-Landbousensus.

8. Die basiese inligtingsbron is die jaarlikse *Sensus van Nywerheidstrygtings*, maar die jongste gepubliseerde kapitaaluitgawesyfers het betrekking op die jaar 1951/52. Spesiale tabulering van die 1954/55 gegevens is goed gunstiglik deur die Buro vir doeleindes van die huidige skattings onderneem.

strukturele kenmerk van die proses van kapitaalvorming en die invloed van finansiële faktore daarop.

'n Ondersoek van die beskikbare gegewens omtrent die bestemming van die Unie se na-oorlogse kapitaaluitgawe toon 'n groot konsentrasie in die rigtings waar die bedrag van kapitaalaanwending per eenheid van opbrengs baie hoog is. Belegging in vervoergeriewe, woon- en ander geboue, elektriese krag, yster en staal, die ontwikkeling van die myne (inclusiewe uuraan) en die voorsiening van ander basiese dienste is tipiese voorbeeld van wat as „kapitaal-intensiewe“ projekte bestempel kan word, en hul oorwig in die na-oorlogse kapitaaluitbreiding het 'n hoë verhouding tussen kapitaaluitgawe en lopende opbrengs tot gevolg gehad.

Die heersende arbeidstekort het verder die oorskakeling na meganiese metodes, veral in die mynwese en landbou, waar die neiging na meer kapitaal-intensiewe produksieprosesse merkbaar is, veroorsaak. Die spoorwegowerheid se toepassing van afstandbeheer in die verkeerstelsel is nog 'n aanduiding van hierdie neiging.

Dit is betekenisvol dat die ontwikkeling van die Unie se sekondêre industrieë gedurende die na-oorlogse tydperk skynbaar meer in die rigting van swaar as ligte industrieë was. Groot kapitaalbedrae is belê in die voorsiening en uitbreiding van produksiefasiliteite t.a.v. swaar chemikalië, petroleumprodukte, metaal en ingenieurswese, boumateriale, die eerste stadiums van die tekstielbedryfstak (spin van katoen, en rayonpap) en papierprodukte, om 'n paar van die tipiese voorbeeld te noem van industriële produkte waarvan die vervaardiging 'n groot kapitaalaanwending in verhouding tot opbrengs vereis.

Die gevolg van hierdie ontwikkelings kan in die verhouding tussen kapitaal en opbrengs bespeur word. Die kumulatiewe kapitaaluitgawesyfer sedert 1946 beloop nl. nie minder as £4,319 miljoen nie, vergeëke met 'n toename van ongeveer £1,260 miljoen in die netto geografiese produksie. Dit is gelykstaande aan 'n drie tot een verhouding tussen bruto byvoegings tot die land se aanvanklike kapitaalvoorraad, aan die een kant, en die toename in die lopende opbrengs, aan die ander kant.

Dit wil voorkom dat indien die ontwikkelingspatroon van 'n ekonomiese stelsel oor 'n aantal jare sodanig is dat fisiese of reële toevoegings tot die kapitaalstruktur hoofsaaklik in daardie bedryfsklasse plaasvind waarin die kapitaalbehoefte groot en die aanvanklike opbrengs laag is, 'n voortsetting van gunstige finansiële toestande 'n noodsaaklike voorvereiste is vir verdere ontwikkeling in hierdie rigting. Aan die begin van die tydperk van snelle uitbreiding was die Unie se ekonomiese stelsel gekenmerk deur, onder andere, hoë likwiditeit t.a.v.

finansiële instellings, sake-ondernehemings en individuele spaarders, lae rentekoerse en oorvloedige kapitaalinvloeи. Gedurende onlangse jare het beperkende faktore egter op die voorgrond getree. So, byvoorbeeld, het die likwiede reserves van die ekonomiese stelsel drasties afgeneem, wat afgelei kan word van die feit dat die verhouding tussen die geldhoeveelheid en die geografiese inkomme van die Unie voortdurend gedaal het van 48 persent in 1946, tot 29 persent in 1952, en eindelik, 20 persent verlede jaar. Voorts is die beskikbaarheid en koste van leningsfondse deur sulke faktore soos 'n kleiner kapitaaltoevloeи vanaf die buiteland, 'n strenger geldbeleid en 'n hoë rentekoerse uitbreiding beïnvloed. Dit is welbekend dat hoë rentekoerse uitbreiding ontmoedig in gevalle waar die aanvanklike opbrengs op beleggingskapitaal laag is. Op soortgelyke wyse, soos reeds in 'n vorige deel van hierdie oorsig aangedui is, beïnvloed laer winsgrense die omvang van finansieringsbronne, terwyl minder gunstige winsverwagtings langtermynprojekte van die private sektor meer riskant maak.

Die tydstip waarop kapitaalbesteding deur openbare owerhede onderneem word, word in mindere mate beïnvloed deur die veranderings in finansiële toestande, wat met 'n nuwe fase in die konjunktuur-golf gepaard gaan. Nogtans word moeilikheid tans deur die openbare sektor ondervind om 'n steeds groter geldbedrag vir kapitaalwerke te vind. Die minister van finansies het die finansiële beperkings op die regering se kapitaalprogram bespreek in sy begrotingstoespraak, wat op die 20ste Maart 1957⁹ gelewer is, en 'n ernstige beroep op die algemene publiek gedoen om meer te spaar.

Die binnelandse besparingsyfers vir die afgelope twee jaar wat in tabel XXXV D verskyn, is nie vergelykbaar met die wat in vorige uitgawes van hierdie *kwartaalblad* verstrekk is nie, aangesien die yfers nou op die Unie *insluitende* Suidwes-Afrika en die Protektorate betrekking het. Alhoewel die gegewens as voorlopig beskou moet word, skyn dit asof verlede jaar se persoonlike besparing, wat op £177 miljoen te staan kom, kleiner was as die yfer vir die vorige jaar, vergeleke met *toenames* in die geval van (1) korporatiewe en owerheidsbesparing (wat dus die aansienlike oorskot van die Administrasie van Suidwes-Afrika insluit), en (2) waardeverminderingstoelaes. Laastens toon die balans in lopende rekening pos in die tabel, wat die aanbod van fondse van die „buitelandse sektor“ aandui, 'n netto verandering van £17 miljoen.

D. G. Franzsen.

9. Toe die tekort in die Leningsrekening deur die instelling van 'n spaarheffing aangevul moes word.